

# Dit is nou, meer as ooit tevore, tyd om sterk te staan

**Dit is ongetwyfeld so dat die coronavirus-pandemie (Covid-19) ons wêreld op sy kop gekeer het, en enorme mediese, ekonomiese en humanitêre uitdagings voor ons deur kom neersit het. Die implikasies van Covid-19 is groter as wat enigeen kon voorsien, en dit sal nog jare lank 'n uitwerking op ons lewe hê.**

Hierdie onsekerheid het uiteraard tot baie introspeksie gelei, en baie van ons probeer antwoorde vind op vrae soos:



**Sal ek of een van my geliefdes die coronavirus kry?**




**Sal ek my werk of inkomstesekerheid verloor?**




**Hoe sal dit my aftreefonds en ander spaargeld raak?**

Hierdie is belangrike vrae, en dit is nie maklik om die regte antwoorde te kry nie. Dit is nou, meer as ooit tevore, nodig om te sorg dat jou emosies nie die oorhand kry nie. As dit gebeur, kan jy die verkeerde besluite neem – veral wat jou aftreevoorsiening en ander spaargeld betref.

***Jy kan vandag in die skaduwee van 'n boom sit omdat iemand die boom lank gelede geplant het.***

– Warren Buffett is 'n Amerikaanse belegger, geldmagnaat en weldoener, en ook die voorsitter en bestuurshoof van Berkshire Hathaway. Hy word as een van die suksesvolste beleggers in die wêreld beskou. Sy netto waarde was US$88.9 miljard in Desember 2019, wat hom die vierde rykste mens in die wêreld maak.




## Hoe word my **aftreevoorsiening** geraak

In krisistye, soos dié wat ons tans ervaar, is beleggingsmarkte en hul prestasies uiters onbestendig. Jou aftreegeld kan dus minder wees as voorheen. Maart 2020 was een van die swakste maande in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse markte omdat die JSE se indeks van alle aandele met 12.1% en die SA Eiendomsindeks met 36.6% gedaal het. Die SA markte het in April 2020 ’n geringe verbetering getoon: die JSE se indeks van alle aandele het met 14% gestyg en die SA Eiendomsindeks met 7%. Dit is egter nie genoeg om vir Maart se verliese op te maak nie.

**Dit is belangrik om te onthou dat die trustees van aftreefondse die fondse se beleggingstrategieë op ’n groot verskeidenheid bateklasse bou. Lede kry dus die voordeel van ’n gediversifiseerde toewysing in verskillende beleggingsportefeuljes. Jou beleggings kon egter in Maart 2020 steeds met tot 15% gedaal het, afhangend van die portefeulje(s) waarin jou geld belê is.**

***Hierdie verliese bestaan gewoonlik “net op papier”. Moenie dat dit jou afskrik nie.***

***Spaar vir jou aftrede vra vir ’n langtermynbenadering, want daar sal goeie en slegte tye wees.***

## Wat moet ek **nou** doen?

In tye soos hierdie kan dit verkeerd voel om net te sit en niks te doen nie. Maar dit is waarskynlik die beste advies vir langtermynbeleggers. Omdat jou aftreefonds ’n langtermynbelegging is, is dit die beste om gewoon te wag dat die tyd van negatiewe opbrengste verbygaan.

Weerstaan die versoeking om inderhaas jou beleggingsportefeuljes te verander. Die risiko is dat jy dan nie sal voordeel trek uit enige herstel van markte nie. Dit kan op lang termyn jou spaargeld negatief beïnvloed.

Wat jy wel kan doen, is om op verantwoordelike dinge soos die volgende klem te lê:

**Pas jou begroting aan om seker te maak dit is steeds relevant – sny uitgawes waar jy kan.**

**Maak seker dat die begunstigdes wat jy genomineer het nog reg is. Jy kan die “Sanlam MyRetirement” app hiervoor gebruik.**

**Maak seker dat jou risikovoordele steeds toepaslik is. Dit is nie nou ’n goeie tyd om jou versekering te kanselleer nie.**

**Maak seker jy het ’n langtermynbeleggingstrategie en doelwitte, en hou daarby.**

**Praat met ’n finansiële adviseur wat vir ’n totale prentjie van jou finansiële posisie.**

Weet dat Sanlam se beleggingskundiges alles in hul vermoë doen om jou aftreegeld te beskerm terwyl hulle terselfdertyd langtermynopbrengste vir jou genereer.

## Beleggings vra vir **geduld**

Warren Buffet is ’n goeie voorbeeld van ’n geduldige langtermynbelegger. Volgens hom is belegging baie soos om ’n boom te plant. Jy plant dalk vandag die saadjie, maar die natuurkragte is al wat nodig is vir groei. Jy haal dit nie uit en bêre dit in jou motorhuis wanneer die winter kom nie. Al verloor die boom sy blare en hou dit ’n hele seisoen lank op om te groei, gaan dit nie dood nie. Wanneer die lente kom, is daar nuwe groei. Gee die boom genoeg ruimte, lig en tyd – en los dit dan om sy eie ding te doen. Dit neem tyd om uiteindelik in die skaduwee van die boom te kan sit.

Ons glo dieselfde geld vir jou aftreebeleggings. Dit is nie nodig om jou beleggings radikaal te verander in ’n tyd van onsekerheid nie. Maar liewer seker dat jy ’n toepaslike langtermyn-strategie het en wag dat die storm homself uitwoed.

***Hopelik sal jou geduld en jou goeie beleggingsbesluite daartoe lei dat jy eendag die lafenis van ’n gerieflike aftrede kan geniet.***



## Maar wat as ek binnekort aftree?

Vir jonger lede is dit die beste om nie beleggings te verander nie en om liewer by hul langtermynstrategie te hou. Maar as jy binnekort aftree, het jy ’n geldige rede om bekommerd te wees dat daar dalk nie genoeg tyd is vir jou beleggings om te herstel ná die onlangse verliese op die finansiële markte nie.

Dit is egter belangrik om te onthou dat die annuïteit (pensioen) wat jy by aftrede aankoop nie net van die waarde van jou aftreespaargeld afhang nie, maar ook van die koste van die aankoop van die annuïteit wanneer jy aftree. Die koste van die aankoop van ’n annuïteit verander oor tyd en word meestal bepaal deur veranderinge in die rentekoerse op staatseffekte. Dit beteken dat die prys van die aankoop van annuïteite ook kan daal.

## Staan jy op die punt om te **bedank** of **af te tree** by jou werk?

Dit is uiters belangrik dat jy verstaan wat al jou opsies is en wat die gevolge sal wees van die besluite wat jy ten opsigte van jou aftreespaargeld neem wanneer jy bedank of aftree by jou werkgewer. Maak gerus gebruik van jou aftreefonds se gratis beradingsdienste oor aftreevoordele.

### Hoe om ’n **raadgewer** te kontak

| | | |
|---|---|---|
| Skakel 0800 111 956 tolvry | Stuur e-pos aan: retire-mate@sanlam.co.za or | Stuur ’n gratis SMS na: 38300 |

Sanlam is ’n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.
SCO566 05/2020